
# 408 Rosekranskoningin Moeder van vrede




Rosekranskoningin, Moeder van vreugde,
Oorsaak van blydskap en Toonbeeld van deugde,
laat ons die Hemelkind, met u gaan soek en vind;
Moeder, Moeder van vreugde.

Rosekranskoningin, Moeder van smarte,
Moeder van deernis, verryk u ons harte,
leer ons die kruisweg gaan, laat by die kruis ons staan;
Moeder, Moeder van smarte.

Rosekranskoningin, roemryk verhewe,
u heers met Jesus, die Vors van die lewe,
kyk op u kinders al, hier in die tranedal;
Moeder, roemryk verhewe.

Onbekend Onbekend